Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training
Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## MUNISIPALE ADMINISTRASIE N5

## 3 JUNIE 2019

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

## AFDELING A

### VRAAG 1

1.1 1.1.1 Khoikhoi
1.1.2 Beaufort-Wes
1.1.3 Witskrif oor plaaslike regering
1.1.4 Kaapstad
1.1.5 Kimberley

(5 × 2) (10)

1.2 1.2.1 Onwaar
1.2.2 Waar
1.2.3 Waar
1.2.4 Onwaar
1.2.5 Waar

(5 × 2) (10)

1.3 1.3.1 Die eerste wit onafhanklike boere in die Kaapkolonie
1.3.2 Regulasies of wette wat deur munisipaliteite gemaak word
1.3.3 Die beweging van mense van landelike gebiede na stede
1.3.4 'n Groot en digbevolte stedelike gebied
1.3.5 Ad hoc-komitee is 'n interim of tydelike komitee

(5 × 2) (10)

1.4 1.4.1 D
1.4.2 A
1.4.3 H
1.4.4 I
1.4.5 C

(5 × 2) (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

**AFDELING B**

**VRAAG 2**

2.1
- Adviseer die speaker en burgemeester oor hoe om items wat nie op 'n raadsvergadering bespreek is nie te hanteer.
- Help die speaker om stemme te tel.
- Maak seker dat daar 'n kworum vir raadsvergaderings is.
- Stel raadslede in kennis van vergaderings wat deur die speaker of burgemeester belê is.
- Adviseer die speaker en burgemeester oor dringende mosies.
- Hanteer raads- en komiteevergaderings.
- Adviseer die speaker en burgemeester oor hoe om belangrike items te hanteer.
- Stel raadslede in kennis van belangrike sake op die agenda. (Enige 5 × 2) (10)

2.2
- Moet 'n Suid-Afrikaanse burger wees.
- Moet 'n gekwalifiseerde stemgeregtigde wees.
- Moet in die spesifieke munisipaliteit woon.
- Moet geregistreer wees om te stem.
- Moet eiendom in die betrokke munisipaliteit besit.
- Moet 18 jaar of ouer wees.
- Moet 'n natuurlike persoon wees. (Enige 5 × 2) (10)

2.3 2.3.1 'n Raadslid moet raads- en komiteevergaderings bywoon tensy verlof toegestaan is om afwesig te wees of as die raadslid aan die vergadering moes onttrek.

2.3.2 Raadslede mag nie enige finansiële belang hê in enige besigheid waarby die munisipaliteit betrokke is nie.

2.3.3 'n Raadslid mag nie sonder toestemming deur die raad of komitee enige vertroulike inligting openbaar maak nie.

2.3.4 'n Raadslid mag nie inmeng in die administrasie of bestuur van enige departement van die munisipaliteit nie, tensy die raad sodanige opdrag gegee het.

2.3.5 Raadsrede moet hul onttrek van raads- of komiteevergaderings as hulle gade, sakevennotte of maatskappy finansieel voordeel kan trek, hetsy direk of indirek, uit die sake op die agenda van die raadsvergadering.

(5 × 2) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

2.4
- Dienste word goedkoper gelewer deur die owerheid in die gebied.
- Verlig die las van hoër owerhede.
- Inwoners kan in plaaslike sake deelneem.
- Help met die formulering van sentrale beleid.
- Plaaslike owerhede is in 'n beter posisie om sentrale beleid te implementeer.
- Genereer hul eie inkomste en gebruik geld ekonomies.
- Beleid word vinniger geïmplementeer.
- Hoër gesag kan nie hulpbronne doeltreffend benut nie.
- Verskillende munisipaliteite het verskillende behoeftes en weet self hoe om hulle behoeftes te bevredig.
- Munisipaliteite maak seker dat die beginsels van openbare administrasie uitgevoer word. (10)

**[40]**

**VRAAG 3**

3.1
- Die minister van provinsiale sake en plaaslike regering.
- Die LUR verantwoordelik vir plaaslike regering in die provinsie.
- Die munisipaliteit, as ander munisipaliteite instem.
- Die afbakeningsraad. (4)

3.2
- Nie gerehabiliteer nadat hy/sy insolvent verklaar is.
- Onder kuratorskap geplaas.
- 'n Hof het verklaar dat die persoon nie by sy/haar volle verstand is nie.
- Skuldig bevind aan 'n oortreding. (Enige 3 × 2) (6)

3.3
- Raadslede wat nie lede van hierdie komitee is nie, is geneig om belangstelling te verloor.
- Raadsvergaderings is geneig om 'n rubberstempel vir die uitvoerende komitee se aanbevelings te wees.
- Lede van die uitvoerende komitee is geneig om raadsvergaderings te oorheers.
- Die ampstermyn is te lank.
- Sake word deur die uitvoerende komitee in 'n finale vorm aan die raad gebied en nie-lede het nie veel van 'n sê nie. (5 × 2) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

3.4
- Interafhanklikheid:✓ Mense is sosiale wesens; die raad moet ondersoek instel na mense en gemeenskappe om hulle interafhanklikheid te bepaal.✓
- Samehorighied en integrasie:✓ Die raad sal oorweging skenk aan mense se gevoel van behoort of gedeelde identiteit wanneer hulle 'n gebied afbaken.✓
- Uitvoerbaarhied en kapasiteit:✓ Die raad sal die beskikbaarheid van hulpbronne en fasiliteite in die gebied in aanmerking neem wat die munisipaliteit in staat sal stel om dienste te lewer en die gebied te administreer.✓
- Deel en redistribusie:✓ Wanneer 'n munisipale gebied en buitenste grens afgebaken word, sal die raad probeer verseker dat finansies en administratiewe hulpbronne so verdeel en distribueer word dat ontwikkelingsdoelwitte bereik kan word.✓
- Grondgebruik en beplanning:✓ Die raad sal huidige en toekomstige grondgebruik asook sosiale, ekonomiese en vervoerbeplanning in aanmerking neem wanneer 'n gebied afgebaken word.✓
- Tradisionele landelike gemeenskappe:✓ Die raad sal oorweging skenk aan tradisionele gemeenskappe wanneer 'n munisipale gebied se grense afgebaken word.✓
- Ander grense:✓ Die raad sal oorweging skenk aan provinsiale en/of bestaande munisipale grense in die afbakeningsgebied.✓
- Kenmerke van gebied:✓ Die raad sal die topografiese, omgewings- en fisiese kenmerke tydens die afbakeningsproses in aanmerking neem.✓
- Administratiewe gevolge:✓ Die raad sal oorweging skenk aan die administratiewe gevolge van die munisipale gebied en grens op sy personeel, kredietwaardigheid en toepaslike munisipale sake.✓
- Rasionalisering:✓ Die regering se doelwit is om die aantal munisipaliteite in SA te verminder. Die raad moet oorweging daaraan skenk om die aantal munisipaliteite te verminder deur die grootte van huidige munisipale gebiede en grense te vergroot.✓ (Enige 10 × 2) (20)

**[40]**

**VRAAG 4**

4.1

| GESAMENTLIKE UITVOERENDE KOMITEE | BURGEMEESTERSKOMITEE |
|---|---|
| • Komitee is deur die raad verkies<br>• Komitee is aanspreeklik teenoor die raad<br>• Hooffunksie is om die raad by te staan en advies te gee<br>• Opdrag gegee deur die raad | • Komitee is deur die burgemeester aangestel<br>• Komitee is aanspreeklik teenoor die burgemeester<br>• Hooffunksie is om die burgemeester by te staan en raad te gee<br>• Opdrag gegee deur die burgemeester |

(8 × 2) (16)

4.2
- Adviseer die raad oor beleid wat die wyk raak.
- Identifiseer behoeftes en uitdagings wat wyke in die gesig staar.
- Kry beter deelname van die gemeenskap.
- Lig gemeenskappe in oor begrotingsvoorstelle, IDP se dienslewerings-opsies.
- Verseker doeltreffende kommunikasie tussen die raad en die gemeenskap.

(Enige 4 × 1) (4)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

4.3
- Moniteer die adminsitrasie van die munisipaliteit.
- Hou toesig oor die voorsiening van dienste aan die gemeenskap.
- Maak seker dat die openbare mening in ag geneem word.
- Ondersoek die munisipaliteit se prestasie om die ekonomie, doeltreffendheid en doelmatigheid van die munisipaliteit ens. te bepaal.
- Identifiseer en ontwikkel kriteria om die implementeringsprogramme te evalueer. (5 × 2) (10)

4.4
- Die premier kan die plaasloke owerheid aanraai om op 'n spesifieke manier op te tree.
- Kan 'n munisipaliteit keer om op te tree op 'n manier wat nie in belang van die gemeenskap is nie.
- Kan ingryp wanneer die sake van die munisipaliteit handuitruk.
- Die premier kan raad gee oor die plan van aksie vir die munisipaliteit.
- Die premier kan voorwaardes vir 'n munisipaliteit stel wanneer aktiwiteite goedgekeur word.
- Kan 'n munisipaliteit daarvan weerhou om haastig op te tree deur sy aansoek te weerhou.
- Stimuleer optrede deur druk op die plaaslike owerheid te plaas.
- Kan ook verseker dat verordenige nie teen die beleid en die grondwet is nie.
- Die premier het uitgebreide magte en indien die premier sy wetlike magte oorskry, tree hy/sy ongrondwetlik op.
- Die premier se magte is nie onbeperk nie. (10)

**[40]**

**VRAAG 5**

5.1
- Munisipaliteite het die mag om kontrakte te sluit.
- Hulle kan verordeninge maak.
- Hulle kan beheer oor die stad of dorp uitoefen.
- Hulle kan amptenare vir die bepaalde munisipaliteit aanstel of afdank.
- Hulle kan lenings aangaan ten einde dienste te lewer. (5 × 2) (10)

5.2 5.2.1
- Die beweging van mense van landelike gebiede na stede, inwoners ontneem daardie munisipaliteite van inkomste.
- Diegene wat agterbly, sou ook wou trek. (2 × 2) (4)

5.2.2
- Mense wat na die stede kom, kry nie huise en werk nie.
- Antisosiale gedrag, soos misdadigheid en dwelmmisbruik, sal dan volg.
- Munisipaliteit moet ekstra diens verskaf aan daardie mense wat na die stede getrek het. (3 × 2) (6)

5.3
- Agenda
- Vergadering
- Besluite
- Notule
- Optrede
- Verslag (6)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

5.4 5.4.1 Desmond van Rooyen

5.4.2 Andries Nel

(2 × 2) (4)

5.5
- Voorsien demokratiese en aanspreeklike regering aan gemeenskappe
- Verseker volhoubare diens aan die gemeenskap
- Bevorder sosiale en ekonomiese ontwikkeling
- Bevorder 'n veilige en gesonde omgewing
- Moedig gemeenskappe en organisasies aan om aan plaaslike regeringsake deel te neem (5 × 2) (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from www.mycourses.co.za